VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

17 MEI 2020
HERDERSBRIEF #22B

Geliefde gemeente,

Kom dink en ontdek saam met my. Die Heilige Gees – God se amptelike verteenwoordiger en teenwoordigheid – se doel is, om ons in alle *waarheid te leer en te lei*. Hierdie herdersbrief, soos al die briewe wat alreeds gestuur is, is in antwoord op gebed tot ons beskikking, om God se doel te dien.

Hy wil saam met jou in die aand bed toe gaan. Hy wil saam met jou in die oggend opstaan. Dit is nie Sy doel, of begeerte dat jy moeg en/of lusteloos opstaan nie. Hy wil nie jou dag in verwarring laat eindig nie. Hy wil jou nie te nakom nie. Hy wil jou gemoedsrus nie versteur nie. Hy wil jou nie in onsekerheid, jou laat voortploeter nie. Hy skep nie vir jou 'n situasie van oneffektiwiteit, of onproduktiwiteit nie. Hy wil nie dat jou lewe, voortdurend in teleurstellings bestuur word nie. Hy is nie verantwoordelik vir jou armoede nie – ***Deut. 8:18*** *"Maar dink aan die HERE jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe, dat Hy sy verbond kan bevestig wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het, soos dit vandag is."*

Sy doel en wil is: om Christus in jou en deur jou te verheerlik. Jou lewe vir jou te orden, sodat jou lewe ooreenkomstig God se wil en doel is. Hierin is die geheim, om in **oorvloed te lewe**. Nie noodwendig 'n oorvloed van geld wat in die bank is nie, of gerief wat rondom jou geïmplementeer word nie. Dit is lewe van, om gesinchroniseerd met God jou lewe deur te bring. Dit sluit in alle fasette van LEWE.

Verwysend na ***Ef. 1:23*** bepaal: **DIE VOLHEID VAN HOM, WAT ALLES IN ALMAL VERVUL**.

Wat behels, ***"die volheid van Hom"?***

- Dit is die volheid van Sy **liefde**;
- Die volheid van Sy **geregtigheid**;
- Die volheid van Sy **wysheid**;
- Die volheid van die **waarheid**;
- Die volheid van Sy **lewe**.

Bogenoemde is wat Hy in jou, moontlik maak. Dit is waarmee Hy, elkeen van ons toerus. Dit is Sy waarborg, dit is die sekerheid waarmee Hy jou vervul. Dit is wat Hy in jou en in my moontlik kan maak. Alle vereistes wat gestel word, alle swakhede waarmee jy worstel, alle drome en ideale – **ONS TOEKOMS** – deur Hom, as gevolg van Hom, ter wille van Hom, Hy in ons sal volbring. Dit is Sy *volheid*, Sy *rigting*, Sy *doel*, Sy *vermoë*, wat Hy in en deur ons doen.

Dit is jou **gewaarborgde toekoms** – dit is die ***"alles"*** – wat Hy volbring. Ons is net die kanaal, die gewillige instrument wat Hy aanwend – mits ons Hom vertrou, en ons aan Hom oorgee – wat in Hom en deur Hom volbring word.

Dit is die **"OORVLOEDIGE LEWE".**

Onthou ek bid vir u, en ek vertrou op Hom, om dit in en deur ons te volbring.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335